- (3) In die geval van 'n pensioenfonds wat ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing No. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is, word die berekening van die heffing in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander persone in daardie subitem bedoel, soos daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur teen 30 April 2001 ingevolge enige wet ingedien is. Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 April 2001 nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van die lede wat oorgedra word.
- (4) In die geval van 'n pensioenfonds wat kragtens artikel 2(2) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, van die bepalings, behalwe artikels 3, 4(1) en 4(2), van daardie Wet vrygestel is, word die berekening van die heffing in subitem (1) bedoel, gebaseer op die getal lede en ander persone in daardie subitem bedoel wat Suid-Afrikaanse burgers is, en woonagtig is in die



Republiek, soos daardie getal blyk uit die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is en op 31 Augustus 2001 by die Raad geliasseer is.

- (5) Die heffings bedoel in subitem (1), wat betaalbaar is deur 'n pensioenfonds bedoel in -
- (a) subitem (2) en (4), word nie later nie as 31 Oktober 2001 betaal; en
  - (b) subitem (3), word gedeeltelik betaal nie later nie as 20 Julie 2001 en die balans nie later nie as 31 Oktober 2001.

#### **Heffing vir die Pensioenfondsberegter**

4. Ten opsigte van 'n pensioenfonds wat ingevolge die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is, insluitende 'n uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), is die heffing vir die Pensioenfondsberegter 'n bedrag van R0,83 per lid van sodanige fonds en elke persoon wat gereeld periodieke betalings uit sodanige fonds ontvang. Hierdie heffing kan saam met die heffing bedoel in item 3(1), waar toepaslik, betaal word, en is betaalbaar op die datum bepaal in item 3(5).

#### **Heffing op uittredingsannuïteitsfonds**

5. (1) Ten opsigte van 'n uittredingsannuïteitsfonds bedoel in item 3(1), is die heffing 'n bedrag van R268 (R288 met 'n korting ten opsigte van die vorige heffingsjaar van R20 op die basiese heffing) plus 'n bykomende bedrag gelyk aan 0,00409202 % (0,0054 % met 'n korting ten opsigte van die vorige heffingsjaar van 0,00130798 %) van die waarde van die fonds se bates. Die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds is vir die doeleindes van hierdie subitem -
- (a) in die geval van 'n fonds wat nie ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet No. 24 van 1956), saamgelees met regulasie 1 van die regulasies gepubliseer by Goewermentskennigswing No. R. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is nie, die waarde van daardie bates van die fonds bepaal by die waardering daarvan deur die versekeraar met die oog op die bepaling van sy verpligtinge wat deur item 8(3) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge", asook enige ander bates deur die fonds gehou om sy verpligtinge ten opsigte van sy lede na te kom; en
  - (b) in die geval van 'n fonds wat ingevolge artikel 2(3)(a) van die Wet op Pensioenfondse, 1956, saamgelees met regulasie 1 van die Regulasies gepubliseer by Goewermentskennigswing No. R. 98 van 26 Januarie 1962, vrygestel is, die waarde van daardie bates van die fonds bepaal by die waardering daarvan deur die

versekeraar met die oog op die bepaling van sy verpligtinge wat deur item 8(3) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge".

- (2) Die berekening van die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds moet die waarde van 'n kontrak, indien enige, insluit, waarin 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n uittredingsannuïteitsfonds om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf.
- (3) Die heffing bedoel in subitem (1), wat deur 'n pensioenfonds betaalbaar is waarna verwys word in -
  - (a) subitem (1) (a), moet nie later nie as 31 Oktober 2001 betaal word nie;
  - (b) subitem 1 (b) moet gedeeltelik betaal word nie later as 20 Julie 2001 nie en die balans moet nie later as 31 Oktober 2001 betaal word nie.

#### **Heffing op onderlinge hulpverenigings**

6. (1) Ten opsigte van 'n onderlinge hulpvereniging wat ingevolge artikel 3(2)(a) van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings 1956 (Wet No. 25 van 1956), geregistreer of voorlopig geregistreer is, is die heffing 'n bedrag van R85 plus 'n bykomende bedrag van R0,75 per lid van sodanige vereniging (uitgesonderd 'n lid wat polisvoordele ontvang ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik op die bepaalde lid betrekking het en wat uitgereik is deur 'n langtermynversekeraar geregistreer of geag geregistreer te wees kragtens die Langtermynversekeringswet, 1998), of R1 800, watter totale bedrag die kleinste is.
- (2) Die berekening van die heffing bedoel in subitem (1) word gebaseer op die getal lede wat tot die vereniging bydra, soos daardie getal blyk uit die jongste beskikbare statistieke gelyasseer by die Raad op 31 Augustus 2001 en by die betrokke Registrateur ingedien ingevolge enige wet.
- (3) Die heffing bedoel in subitem (1), word nie later nie as 31 Oktober 2001 betaal.

#### **Heffing op korttermynversekeraars en onderskrywers van Lloyd's**

7. (1) Ten opsigte van 'n versekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), geregistreer is om korttermynversekeringsbesigheid te dryf, word die heffing gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die versekeraar se boekjaar wat na 1 April 2001 eindig, aangesuiwer na die einde van sy boekjaar in ooreenstemming met sy

werklike geouditeerde bruto premie-inkomste. Ongeag die lengte van die finansiële periode van die versekeraar, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,08% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste plus 0,0185% daarna, of R8 000, watter totale bedrag ookal die grootste is. Die koers van krag aan die einde van die finansiële periode van die versekeraar sal van toepassing wees vir die hele periode wat op daardie datum eindig.

- (2) Ten opsigte van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, 1998, word die heffing gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die kalenderjaar wat op 31 Desember 2001 eindig, maar wat jaarliks na 31 Desember aangesuiwer word in ooreenstemming met die bruto premie-inkomste wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die vorige kalenderjaar ontvang is soos in die Jaarverslag van die Registrateur van Korttermynversekeringswese gepubliseer. Die heffing is 'n bedrag gelyk aan 0,08% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste plus 0,0185% daarna, of R8 000, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (3) Die heffing op beraamde premie-inkomste word betaal in twee paalemente voor of op 20 Julie 2001 en 30 November 2001 van die heffingsjaar. Die aansuiwering bedoel in subitem (1) word gekombineer met die eerste of tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar. In die geval van Lloyd's word dit gekombineer met die November-paalement.

#### Heffing op langtermynversekeraars

8. (1) Ten opsigte van 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees en gemagtig is om -
  - (a) een of meer as een amortisasiepolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of ongeskiktheidspolis of een of meer van daardie polisse en 'n bystandspolis af te sluit, is die heffing 'n bedrag van R30 800 plus 0,0054% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse; of
  - (b) alleenlik 'n bystandspolis af te sluit, is die heffing 'n bedrag van R3 080 plus 0,0054% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse:

Met dien verstande dat, behoudens subitem 3(a), die heffing -

- (i) in subitem (1)(a) met 'n korting ten opsigte van die vorige heffingsjaar van R2 850, of R1 425 indien die langtermynversekeraar na 1 April 2000 maar nie na 1 Oktober 2000 kragtens die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer was of geag geregistreer te gewees het, plus 0,00130798% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse verminder word; of

- (ii) in subitem (1)(b) met 'n korting ten opsigte van die vorige heffingsjaar van R285, of R142 indien die langtermynversekeraar na 1 April 2000 maar nie na 1 Oktober 2000 kragtens die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer was of geag geregistreer te gewees het, plus 0,00130798% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisie, verminder word.

(2) Die uitdrukking "verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisie" -

- (a) in subitems (1)(a) en (b) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die netto verpligtinge kragtens onafgeloste polisie gereflekteer teen item 2 in kolom 6 van Staat O van Vorm F247(99), of beteken, indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, gehad het nie, die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die netto verpligtinge kragtens onafgeloste polisie gereflekteer teen item 2 in kolom 6 van Staat O van Vorm F247(99); en
- (b) in paragrawe (i) en (ii) van die voorbehoudsbepaling by subitem (1) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die netto verpligtinge kragtens onafgeloste polisie gereflekteer teen item 2 in kolom 6 van Staat O van Vorm F247(99),

maar nie die verpligtinge nie ingevolge 'n kontrak ingevolge waarvan 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge insluit nie ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, 1956, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, 1956, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie.

- (3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, geregistreer is of geag geregistreer te wees -

- (a) op 1 April 2001, moet die volle heffings in subitems (1)(a) en (b) bedoel, betaal en moet, as hy ook ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, tussen 1 April 2000 en 1 Oktober 2000 (beide datums ingesluit) geregistreer was of geag geregistreer te gewees het, die volle heffings met die korting in paragraaf (i) of (ii) van die voorbehoudsbepaling by subitem (1) bedoel, verminder in ooreenstemming met die polisse wat hy gemagtig was om uit te reik gedurende daardie tydperk in die vorige heffingsjaar, en mag daardie heffings in twee paaiemente betaal, naamlik –
- (i) 50% van die heffing of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige heffing gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subitem (2) bedoel, voor of op 20 Julie 2001; en
- (ii) die balans voor of op 31 Oktober 2001,
- van die heffingsjaar; of
- (b) na 1 April 2001 maar nie na 1 Oktober 2001 nie, moet die helfte van die heffings in subitems (1)(a) en (b) bedoel, in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 31 Oktober 2001:

Met dien verstande dat indien 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, 1998, tussen 1 April 2000 en 1 Oktober 2000 (beide datums ingesluit) geregistreer was of geag geregistreer te gewees het nie meer op 1 April 2001 geregistreer is nie omdat al sy langtermynversekeringsbesigheid ingevolge artikel 37 of 38 van die Langtermynversekeringswet, 1998, na 'n ander langtermynversekeraar, wat op 1 April 2001 geregistreer is, oorgedra is, die laasgenoemde versekeraar sy volle heffings met die korting in paragraaf (i) of (ii) van die voorbehoudsbepaling by subitem (1) moet verminder.

#### Heffing op tussengangers

9. (1) Ten opsigte van 'n agent, makelaar of ander persoon bedoel in artikel 45 van die Korttermynversekeringswet, 1998 (Wet No. 53 van 1998), is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,0199% van die totale bruto premies waaroor verslag gedoen is deur 'n ouditeur of rekenkundige beampte, na gelang van die geval, ingevolge regulasie 4.4 kragtens genoemde Wet, wat deur sodanige agent, makelaar of ander persoon gedurende sy jongste boekjaar ten behoeve van geregistreerde versekeraars, en onderskrywers by Lloyd's ontvang is, of R70, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1), word nie later nie as 30 September 2001 betaal en word gebaseer op die totale bruto premies op 31 Julie 2001 soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Versekerings-vereniging.



**Heffing op effekte-trustskemas in ander effekte as eiendomsaandele**

10. Ten opsigte van effekte-trustskemas in ander effekte as eiendomsaandele, soos bedoel in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981 (Wet No. 54 van 1981), is die heffing 'n totale bedrag van R4 702 102 vir al sodanige skemas wat kragtens artikel 4 van genoemde Wet geregistreer is te eniger tyd gedurende die heffingsjaar, minus 'n totale korting van R1 410 352 wat die heffing betaalbaar op R3 291 750 te staan bring. Die bedrag is betaalbaar in vier kwartaallikse paaielemente op of voor 30 Junie 2001, 30 September 2001, 31 Desember 2001 en 31 Maart 2002 van die heffingsjaar, en 50 % van die korting word afgetrek van die heffing betaalbaar ten opsigte van die kwartaal wat op 30 Junie 2001 eindig en 50 % ten opsigte van die kwartaal wat op 30 September 2001 eindig. Die kwartaallikse bedrae word betaal op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal en word verdeel tussen alle bestuursmaatskappye van effekte-trustskemas wat op daardie datum geregistreer is. Die berekening van die verskuldigde heffings is soos volg: 10% in gelyke mate verdeel tussen alle bestuursmaatskappye; 60% verdeel ooreenkomstig die getal effektegroepe geadministreer deur elke bestuursmaatskappy; en 30% verdeel in verhouding tot die totale bates onder bestuur deur elke bestuursmaatskappy.

**Heffing op buitelandse kollektiewe beleggingskemas**

11. (1) Ten opsigte van 'n buitelandse kollektiewe beleggingskema goedgekeur ingevolge artikel 37A van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, is die heffing betaalbaar in vier kwartaallikse paaielemente en elke paaielement bestaan uit -
- (a) 'n nominale bedrag ten opsigte van elke skema; plus
  - (b) 'n nominale bedrag ten opsigte van elke effektegroep, fonds of subskema; plus
  - (c) 'n bedrag bereken teen 'n persentasiekoers van die netto bates onder bestuur namens Suid-Afrikaanse beleggers,

welke bedrae bereken word in ooreenstemming met die basis van berekening van die heffing van toepassing op effekte-trustskemas in ander effekte as eiendomsaandele, geregistreer ingevolge die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, insluitende 'n totale korting van R1 023 903. 50 % van die korting word afgetrek van die heffing betaalbaar deur elke skema ten opsigte van die kwartaal wat op 30 Junie 2001 eindig en 50 % ten opsigte van die kwartaal wat op 30 September 2001 eindig: Met dien verstande dat indien 'n goedgekeurde buitelandse kollektiewe beleggingskema nie 'n geassosieerde lid van Die Vereniging van Effektetrusts van Suid-Afrika is nie, die bedrag betaalbaar ingevolge paragraaf (b) verdubbel word.

- (2) Die heffing is betaalbaar in vier kwartaallikse bedrae op of voor 30 Junie 2001, 30 September 2001, 31 Desember 2001 en 31 Maart 2002 van die heffingsjaar. Die bedrag word betaal op die grondslag van statistieke soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal, welke statistieke binne 30 dae vanaf die einde van die voorafgaande kwartaal aan die Registrateur voorsien moet word.
- (3) Vir die doeleindes van subitem (2), moet die statistiek wat aan die betrokke Registrateur voorsien word, besonderhede bevat van alle verkope en aflossings of terugkope binne Suid-Afrika.
- (4) Heffings is ten opsigte van alle maande binne enige betrokke kwartaal betaalbaar.

#### **Heffing op effekte-trustskemas in eiendomsaandele**

12. Ten opsigte van 'n bestuursmaatskappy van 'n effekte-trustskema in eiendomsaandele, soos bedoel in die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, is die heffing 'n bedrag van R43 480 op elke effektegroep van so 'n skema, minus 'n korting van R15 892 ten opsigte van elke effektegroep, wat die heffing betaalbaar op R27 588 te staan bring, betaalbaar deur so 'n bestuursmaatskappy nie later nie as 20 Julie 2001.

#### **Heffing op deelnemingsverbandskemas**

13. (1) Ten opsigte van 'n bestuurder van 'n deelnemingsverbandskema wat ingevolge artikel 37 van die Wet op Beheer van Effekte-trustskemas, 1981, vrygestel is, is die heffing 'n bedrag van R3 432 plus 'n bedrag wat bereken word deur die totale bedrag verskuldig deur verbandgewers op 31 Desember 2000, te vermenigvuldig met die syfer 0,00731%. Van die totale heffing wat bereken is ten opsigte van alle bestuurders van deelnemingsverbandskemas word 'n totale korting van R142 820 pro rata afgetrek van die heffing wat deur elke bestuurder betaalbaar is.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1) is nie later nie as 20 Julie 2001 betaalbaar.

#### **Heffing op aandeelbeurse**

14. (1) Ten opsigte van 'n aandeelbeurs wat ingevolge die Wet op Beheer van Aandeelbeurse, 1985 (Wet No. 1 van 1985), gelisensieer is, is die heffing 'n bedrag van R1 463 973.
- (2) Die heffing bedoel in subitem (1), moet nie later nie as 20 Julie 2001 betaal word.

**Heffing op finansiële beurse****15. (1) Ten opsigte van-**

- (a) die Suid-Afrikaanse Termynbeurs, gelisensieer ingevolge die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989 (Wet No. 55 van 1989), is die heffing 'n bedrag van R1 103 689; en
- (b) die Effektebeurs van Suid-Afrika, ook aldus gelisensieer, is die heffing 'n bedrag van R1 058 501.

- (2) Die heffings bedoel in paragrawe (a) en (b) van subitem (1) moet deur die betrokke beurs nie later nie as 20 Julie 2001 betaal word.

**Heffing op beleggingsbestuurders**

16. (1) 'n Persoon, of 'n persoon wat in 'n kategorie van persone val (hieronder 'n beleggingsbestuurder genoem), wat voor of op 31 Desember 2000 voorafgaan ingevolge artikel 4 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985, of artikel 5 van die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989, goedgekeur is, moet voor of op 20 Julie 2001, 'n heffing betaal wat soos volg bereken is:

- (a) 'n grondbedrag van R2 685; en
- (b)  $A \times 0,00000912$

waar  $A =$  die totale waarde van die beleggings wat bestuur word soos beoog in artikel 4 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985, of artikel 5 van die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989, na gelang van die geval, op 31 Desember 2000, onderhewig aan 'n maksimum van R23,544 biljoen: Met dien verstande dat die beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet word teen die wisselkoers wat in die Pers op daardie datum gepubliseer is.

- (2) 'n Beleggingsbestuurder goedgekeur tussen 1 Januarie 2001 en 30 Junie 2001 (albei dae ingesluit), moet voor of op 31 Oktober 2001, 'n heffing betaal wat soos volg bereken is:

- (a) 'n grondbedrag van  $0,5 \times R2\ 685$ ; en
- (b)  $0,5 \times [A \times 0,00000912]$

waar  $A =$  die totale waarde van die beleggings wat bestuur word soos beoog in artikel 4 van die Wet op Beheer van Aandelebeurse, 1985, of artikel 5 van die Wet op Beheer van Finansiële Markte, 1989, na gelang van die geval, op 30 Junie 2001, onderhewig aan 'n maksimum van R11,77 biljoen: Met dien verstande dat die beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet

word teen die wisselkoers wat in die Pers op daardie datum gepubliseer is.

#### Heffing op sentrale effektedewaarnemers

17. (1) Ten opsigte van -

- (a) Sentrale Bewaringsplek Bpk., 'n sentrale effektedewaarnemer geregistreer ingevolge artikel 9 van die Wet op die Bewaring en Administrasie van Effekte, 1992 (Wet No. 85 van 1992), is die heffing 'n bedrag van R228 549; en
- (b) Share Transactions Totally Electronic Ltd., 'n sentrale effektedewaarnemer ook aldus geregistreer, is die heffing 'n bedrag van R541 774.

- (2) Die heffing bedoel in paragrawe (a) en (b) van subitem (1) moet nie later nie as 20 Julie 2001 deur die betrokke sentrale effektedewaarnemer betaal word.

#### Heffing op finansiële markte ten opsigte van binnehandel

18. (1) Die heffing vir die betaling van die koste verbonde aan die uitvoering van die werksaamhede van die Raad en van die Direktooraat op Binnekennistransaksies ingevolge die Wet op Binnekennistransaksies, 1998 (Wet No.135 van 1998), word betaal deur die drie finansiële markte in die Republiek, naamlik die JSE Securities Exchange South Africa, die Effektebeurs van Suid-Afrika en die Suid-Afrikaanse Termynbeurs. Die totale heffing vir die heffingsjaar bedra R4 970 400.

- (2) Die totale heffing word bereken en betaal op die volgende basis:

- (a) Die markte bedoel in subitem (1) betaal voor of op 30 Junie 2001 elkeen 10%, dit wil sê R497 040, van die totale heffing.
- (b) Die balans van die totale heffing, naamlik R3 479 280, word in drie paalemente kwartaalliks agterna betaal op 'n gebruiker-betaal basis deur die finansiële mark of markte waar binnehandel ondersoek gedurende die voorafgaande kwartaal uitgevoer is. Die paalemente is betaalbaar voor of op 30 September 2001, 31 Desember 2001 en 31 Maart 2002.

- (3) Bykomend by die totale heffing in subitem (1) bedoel, is die regskoste wat werklik deur die Raad of die Direktooraat op Binnekennistransaksies aangegaan is ten opsigte van binnehandel ondersoek of gedingvoering kwartaalliks agterna betaalbaar deur die finansiële mark waar die ondersoek gehou is of wat by die gedingvoering betrokke was.

**ALGEMEEN****Betaling van heffings**

19. (1) Die heffings en rente (as daar is) daarop in hierdie Kennisgewing bedoel, is behoudens die bepalings van hierdie Kennisgewing, deur die betrokke finansiële instelling betaalbaar deur middel van 'n tjek, posorder of geldwissel uitgemaak ten gunste van, of 'n geldoordrag na, die Raad.
- (2) Op bedrae van agterstallige heffings word rente teen 'n koers gelykstaande aan die heersende prima oortrekkingskoers van Standard Bank van Suid-Afrika Beperk gehef.
- (3) Die bedrae van heffings in hierdie Kennisgewing bedoel, sluit BTW in.

**Aansoeke om vrystelling**

20. (1) 'n Aansoek deur 'n finansiële instelling om die verlening kragtens artikel 15A(4) van die Wet van vrystelling van 'n bepaling van hierdie Kennisgewing moet skriftelik gerig word aan die Uitvoerende Beampte, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102, op 'n datum minstens een maand voor die datum waarop die vrystelling ooreenkomstig die aansoek in werking moet tree.
- (2) So 'n aansoek moet volledige besonderhede bevat van die finansiële instelling, die magtiging van die persone wat die aansoek onderteken en die datum waarop die vrystelling in werking moet tree, indien verleen, en moet volledig die redes vir die aansoek uiteensit.
- (3) Die aansoek moet-
- (a) 'n bevestiging bevat van die betrokke finansiële instelling om, by ontvangs van so 'n versoek, die Uitvoerende Beampte onverwyld te voorsien van die ander of verdere inligting of besonderhede wat die Raad mag verlang in verband met die betrokke instelling of aansoek; en
- (b) besonderhede bevat van die adres waar die instelling betekening deur die Raad sal ontvang van enige kennisgewing beoog in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet.
- (4) 'n Kennisgewing bedoel in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet word op las van die Raad deur die Uitvoerende Beampte per geregistreerde pos beteken by die adres wat die finansiële instelling ooreenkomstig subitem (3)(b) in sy aansoek om vrystelling verstrek het.

**Gekonsolideerde betalings**

21. Indien enige liggaam wat deur die Raad as ten volle verteenwoordigend van 'n kategorie finansiële instellings beskou word, in 'n bepaalde heffingsjaar aanbied om 'n gekonsolideerde betaling van heffings te maak namens daardie kategorie ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan tussen sodanige instellings en die



liggaam, kan die Raad so 'n aanbod aanvaar indien die betaling gemaak word ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Kennisgewing: Met dien verstande dat indien om enige rede so 'n gekonsolideerde betaling nie aldus op die voorgeskrewe datums van betaling gemaak word nie, elke afsonderlike betrokke finansiële instelling ten volle aanspreeklik bly vir die heffing deur hom verskuldig plus rente (as daar is) op daardie bedrag bereken ooreenkomstig item 18(2).

#### **Intrekking van kennisgewings en voorbehoud**

22. (1) Raadskennisgewing 47 van 19 Junie 2000 word, behoudens subitem (2), ingetrek.
- (2) Indien op die datum van inwerkingtreding van hierdie Kennisgewing enige finansiële instelling nog nie 'n heffing en rente verskuldig daarop, soos opgelê ingevolge 'n bepaling van 'n kennisgewing in subitem (1) vermeld, ten volle betaal het nie, word enige sodanige bepaling, tesame met enige ander bepaling van 'n kennisgewing in daardie subitem vermeld wat verband hou met eersbedoelde bepaling, geag ten opsigte van die betrokke instelling en die betrokke verskuldigde bedrag nog nie deur subitem (1) ingetrek te wees nie totdat sodanige skuld ten volle vereffen is.
-

# Dog ate your Gazette? ... read it online



**www.SA Gazettes.co.za**  
\*\*\*\*\*

**A new information Portal keeping you up to date with news, legislation, the Parliamentary programme and which is the largest pool of SA Gazette information available on the Web.**

- Easily accessible through the www!
  - Government Gazettes - from January 1994
  - Compilations of all Indexes pertaining to the past week's Government Gazettes
  - All Provincial Gazettes - from September 1995
  - Parliamentary Bills - as of January 1999
- Available in full-text, with keyword searching
- Sabinet Online scans, formats, edits and organize information for you. Diagrams and forms included as images.
- No stacks of printed gazettes - all on computer. Think of the storage space you save.
- Offer Bill Tracker - complementing the SA Gazettes products.

**For easy electronic access to full-text gazette info, subscribe to the SA Gazettes from Sabinet Online. Please visit us at [www.sagazettes.co.za](http://www.sagazettes.co.za)**





*Looking for back copies and out of print issues of  
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

## The National Library of SA has them!

Let us make your day with the information you need ...

National Library of SA, Pretoria Division

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel.:(012) 321-8931, Fax: (012) 325-5984

E-mail: [infodesk@nlsa.ac.za](mailto:infodesk@nlsa.ac.za)



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die  
Staatshoerant en Provinsiale Koerante?*

## Die Nasionale Biblioteek van SA het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Nasionale Biblioteek van SA, Pretoria Divisie

Posbus 397

0001 PRETORIA

Tel.:(012) 321-8931, Faks: (012) 325-5984

E-pos: [infodesk@nlsa.ac.za](mailto:infodesk@nlsa.ac.za)

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001

Publications: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510

Advertisements: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504

Subscriptions: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737

Cape Town Branch: Tel: (021) 465-7531

Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001

Publikasies: Tel: (012) 334-4508, 334-4509, 334-4510

Advertensies: Tel: (012) 334-4673, 334-4674, 334-4504

Subskripsies: Tel: (012) 334-4735, 334-4736, 334-4737

Kaapstad-tak: Tel: (021) 465-7531